# LES 3 GELIEFDE KINDERS: GOD LAAT ONS LIEFDE IS HOM HEILIG EN ONBERISPELIK WEES.

## 1. Heilig en onberispelik.

Kom ons luister wat sê die Here vir ons oor wat maak die Here met die liefde wat ons vir Hom het? “[4] So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. [5] In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. [6] Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.” (Efesiërs 1)

Kyk na hierdie twee woorde: heilig en onberispelik.

**Onberispelik**
As jy iemand berispe, dan raas jy met hom omdat hy verkeerd gemaak het. As iemand verkeerd maak, dan is hy berispelik. Dit beteken hy moet raas kry. Kyk wat sê die Bybel is die Here se kinders en hulle liefde vir Hom: dit is onberispelik.

As jy onberispelik is, gaan jy raas kry? Nee, jy gaan nie raas kry nie. Jy kry heeltemal iets anders as raas. As jy jou huiswerk doen en jy maak nie een fout nie, wat maak jou onderwyser? Raas hulle met jou? Nee, hulle sê vir jou: “Dis baie goed gedoen. Ek is trots op jou” en hulle wys vir die hele klas hoe goed is jy!

Onberispelik beteken: doen baie goed!

**Heilig**
Heilig is ’n woord wat sê hoe lief is ons vir God! Kyk hoe sê die Here hoe moet ons liefhê: “ [37] Jesus antwoord hom: “‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die grootste en die eerste gebod. [39] En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Die belangrike woord is “hele”! Ons moet God met ons hele hart, hele siel en hele verstand liefhê. Ons kan God nie net met ’n deeltjie van ons hart, siel of verstand liefhê nie. Ook nie net partykeer of net ’n bietjie nie. God wil hê ons moet Hom altyd, die hele tyd met alles liefhê.

Heilig is om God heeltemal lief te hê. Heilig beteken heeltemal. As jy God met jou hele hart, hele siel en hele verstand liefhet, dan is jou liefde “heilig”. Dit is heel liefde. Dit is om God heeltemal lief te hê.

Onberispelik beteken ons doen baie goed. Heilig beteken ons het God heeltemal lief.

## 2. **God kies om ons liefde heilig en onberispelik te laat wees**.

God kies om ons so te laat wees! God het ons eerste lief! God het ons werklik lief! Daarom kies die Here hoe Hy ons liefde laat wees! Die Here kies om ons liefde vir Hom heilig en onberispelik te laat wees.

Hier is nog ’n manier waarop God ons liefhet: Hy kies om ons liefde goed en heilig te laat wees vir Hom. Hy maak dat ons liefde vir Hom heilig en onberispelik is.

Kyk mooi wat sê die Here! Is dit ons wat Hom eers baie goed en heeltemal moet liefhê voordat Hy kies om ons lief te hê, of kies Hy om ons liefde vir Homself baie goed en heilig te laat wees?

Kyk weer na die vers in die Bybel: “[4] So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.”(Efe. 1) Dit is die Here wat kies om ons liefde vir Hom goed en heilig te laat wees. Dit is nie so dat ons God eers baie goed en heeltemal moet liefhê voor Hy ons kies nie!

Hy kies dat ons liefde vir Hom baie goed en heilig sal wees, nog voor Hy ons gemaak het! Nog voor Hy die wêreld gemaak het, het die Here jou al gekies om Hom lief te hê.

3. **Dit is amper soos ouers wat kies om kinders te wil hê.**
Dit is net soos met ouers! Werk dit so dat jou ouers eers ’n mooi pamflet gekry het waarin daar mooi foto’s van jou was en wat gewys het hoe baie goed en heeltemal lief jy hulle sou hê, voor hulle besluit het hulle wil jou as baba hê? Dink jy daar is so iets dat iemand voor jy gebore is eers vir jou ouers gewys het hoe jy gaan lyk en hoe baie jy hulle gaan liefhê? Dink jy jou ouers het besluit om jou as baba te hê omdat hulle geweet het hierdie baba gaan hulle so baie en heeltemal liefhê?

Nou hoe kies ouers dan om kinders te hê?

Hulle kies só! Hulle wou jou gehad het sonder dat hulle geweet het hoe jy gaan lyk en hoe jy hulle gaan lief hê. Maar hulle het klaar besluit! Hulle wil jou hê! En jou liefde gaan vir hulle die wonderlikste ding in die hele wêreld wees.

Wie maak jou liefde vir jou ouers die wonderlikste ding vir hulle in die hele wêreld? Maak jy dat jou liefde vir hulle so goed is of maak hulle jou liefde so goed vir hulle?

Ouers se liefde moet so werk: hulle maak jou liefde vir hulle baie goed en heeltemal wonderlik!

Dit is wat God se liefde vir ons doen: Hy kies om ons liefde vir Hom baie goed en heeltemal wonderlik te laat wees! Al maak ons baie foute en al is dit baie keer net bietjie liefde wat ons Hom gee!

Hy kies om ons bietjie liefde en liefde vol foute vir Hom heilig en onberispelik te laat wees.

4. **Ons liefde vir God is kinderliefde, nie werkerliefde nie**.
Ons liefde vir God is altyd kinderliefde. Kyk hoe sê die Here dit vir ons in boek Galasiërs in die Bybel: “[6] En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit beteken: Vader![7] Jy is dus nie meer ’n slaaf nie; jy is nou ’n kind van God.”

Onthou julle wat is God se Gees wat Hy in ons harte instuur? Dit is die liefde in God se binneste wat Hy in ons harte uitstort. Hierdie liefde wat ons van God kry maak dat ons Hom ook liefhet. Dit maak dat ons God vertrou om Hom “Ons Vader” noem.

Die liefde wat ons vir God het, is kinderliefde Dit is nie slawe liefde nie. Dit is nie werker- of arbeiderliefde nie.

Die verskil tussen kinderliefde en werkerliefde werk só! Boer kom by sy werker en sê hy moet met die trekker gaan ploeg. Hy moet die ploeg vat en die grond ooptrek sodat hulle mielies in die grond kan plant. Dan sê die boer:” Jy moet reguit ploeg!” Wat gaan die boer maak as hy sien die werker het skeef geploeg? Hy gaan met hom raas. Hy gaan van sy geld vat en as hy elke keer dit so skeef ploeg, dan gaan hy hom wegjaag.

Wat gaan gebeur as ’n boer se klein seun sien sy pa sukkel baie met al die werk en hy gaan klim op sy pa se trekker en gaan ploeg sonder dat sy pa hom vra ’n hele land oop, maar dit is bietjie skeef geploeg? As hierdie seun sy pa aan die hand vat en vir sy pa gaan wys wat het hy vir sy pa gedoen, wat is die eerste ding wat sy pa vir hom gaan sê?

Die eerste ding wat so pa gaan sê, as hy ’n goeie pa is, is: “Dankie my seun, dit is die wonderlikste ding wat vandag met my gebeur het.”

Nou wat nou?

Die pa raas en jaag die werker weg, maar as sy seun dieselfde ding doen, skeef ploeg, dan is dit vir die boer die mooiste en wonderlikste ding wat die dag met hom gebeur het? Hoekom raas hy met die een, maar vir die ander een sê hy dankie vir dieselfde skeef geploeery?

Dit is die verskil tussen werkerliefde en kinderliefde!

Werkers is lief vir die boer se geld. Hulle werk vir sy geld. Kinders is lief vir die boer en hulle werk omdat hulle vir hulle pa wil wys hoe dankbaar is hulle vir al die liefde wat hulle kry.

God het gekies dat ons liefde vir Hom altyd kinderliefde sal wees. Daarom het Hy ons sy kinders gemaak – sodat ons liefde vir Hom altyd baie goed en heeltemal wonderlik sal wees. Kinderliefde is altyd vir God volmaakte liefde. Hy laat ons

liefde vir Hom altyd baie goed en heeltemal genoeg wees, al maak ons baie en groot foute terwyl ons Hom probeer liefhê, al kan ons Hom nooit regtig so lief hê soos ons moet nie en al het ons Hom baie keer net bietjie lief.

Elke keer as ons die Here liefhet om te wys hoe bly is ons dat Hy ons liefhet, is hierdie liefde met al die foute vir die Here baie goed en heeltemal reg. Dit is heilig en onberispelik!

5**. Sy eerste liefde maak ons liefde vir Hom onberispelik en heilig**.
God het ons eerste lief. Dit is hoe God ons liefde kinderliefde maak. Met sy eerste liefde. Wanneer ons God liefhet om te wys hoe bly, hoe dankbaar is ons dat Hy ons eerste liefhet, is hierdie liefde van ons vir die Here kinderliefde. Dit is liefde wat vir God onberispelik en heilig is.

God het ons werklik lief. Dit is hoe God ons liefde vir Hom kinderliefde maak. Wanneer ons God liefhet om te wys hoe dankbaar is ons vir sy werklike liefde, is ons liefde met al die foute wat ons maak, vir God heilig en onberispelik.

Al is daar baie dinge waaroor die Here kan raas! Al is dit nie heeltemal al die liefde wat ons vir die Here moet gee nie. Kinderliefde is vir God volmaakte liefde.

Kyk hoe werk God se eerste liefde! Ons berispelikheid en onheiligheid – maak Hy vir Homself onberispelik en heilig. Hy maak dit so met sy eerste en werklike liefde.

Dit is die enigste manier waarop ons die Here onberispelik en heilig kan liefhê, as ons Hom net liefhet om te wys hoe goed is sy liefde vir ons. As ons vir Hom net liefhet om te wys hoe bly is ons dat Hy ons altyd eerste liefhet.

Wat is die verkeerde manier waarop ons die Here liefhet?

Wanneer ons werkerliefde vir God het! Wanneer ons God liefhet sodat Hy vir ons moet betaal vir ons liefde. Wanneer ons God lief het omdat ons dinge by Hom wil hê.

6. **Liefde uit geloof.**
Kinderliefde is liefde uit geloof! Ons kan die Here uit geloof liefhê! Wat is die eerste ding wat God vir jou gaan sê as jy iets gedoen het om Hom te wys hoe lief het jy Hom? Al het jy baie foute gemaak terwyl jy dit gedoen het, al het jy dit op ’n manier wat eintlik verkeerd is, gedoen en al is dit nooit heeltemal soos God dit wil hê nie, gaan God vir jou sê: Dankie my kind, jou liefde is vir my onberispelik en heilig! God gaan jou liefde vir Homself heilig en onberispelik maak! Hy het jou gekies om Hom lief te hê en Hy kies om jou liefde vir Hom so te maak!

Dit is hoekom ons God “Ons Vader” noem! Ons weet ons liefde met alles wat verkeerd is, is vir God volmaakte liefde! Daarom kan ons God altyd uit hierdie

geloof in sy goedheid liefhê! Hy aanvaar altyd ons liefde vol foute as volmaak! Hy maak altyd ons bietjie liefde, volmaakte liefde!

Ons kan God met kinderliefde liefhê. Hy het ons daarvoor gekies.

**Opdrag.**
Gaan vra vir enige grootmens wat is die verskil tussen kinderliefde en werker liefde in die Bybel? Onthou! Kinderliefde is om God te wys hoe dankbaar is ons vir sy eerste en werklik liefde. Werkerliefde wil altyd iets by God hê.